

SONSTRAAL-GEMEENTE

# Finansies in FOKUS

**NOVEMBER 2021**

*Sestien maande het verloop vandat ons vorige Finansies in Fokus in Junie 2020 verskyn het. Baie water het sedertdien in die see geloop. Baie lewens is radikaal beïnvloed. Die Covid-pandemie het geen een van ons onaangeraak gelaat nie... en steeds is dit met ons. Ons harte gaan uit na elkeen wat geliefdes aan die dood afgestaan het of enige ander vorm van verlies gely het. Ons bid dat die Here se troos vir elkeen tasbaar sal wees. So het die pandemie en al die onsekerheid wat dit meebring ook op emosionele vlak 'n onmiskenbare impak op ons lewens gemaak. Vlakke van moedeloosheid, angs en eensaamheid by mense van alle ouderdomme en sosiale stande het merkbaar verhoog. As leraarspan en kerkraad is ons bewus van die geweldige emosionele las wat mense dra asook van die uitdagings wat gepaard gaan met ons pogings om liggaam en siel bymekaar te hou.*

SONSTRAAL
GEMEENTE
Leef om te dien

Ons moes oor die afgelope agtien maande baie en ingrypende aanpassings maak. Ons moes herbesin rondom ons prioriteite en besliste besluite neem ten opsigte van leefwyse, sosiale interaksie, gesinslewe, beroepslewe en helaas... ons kerklike- en geloofslewe. Nuwe maniere van kerk-wees in die algemeen en meer spesifiek rondom eredienste moes spoedig gevind word. Tegnologie moes blitsvinnig bemeester word om in diens van die gemeentebediening ingespan te word. Ons moes fyn luister om te hoor waartoe die Here ons as gemeente in hierdie tyd en konteks roep. Hoe betekenisvol is dit nie, dat die Here vir ons: SAAM as die jaartema vir 2021 gegee het? Ons vertrou dat die Here, te midde van 'n periode wat ons nie saam kon wees nie, tog vir elkeen 'n ervaring van saam-wees gegee het - deur die eredienste, ons saamluister na die Woord van die Here en ons samehorigheid in ons vashou aan die trou van die Here en ons hoop op Hom – te midde van die pandemie.

Eredienste het tussen die eerste drie vlae sporadies "oopgemaak" vir fisiese byeenkomste – of te wel met maskers en met beperkte ruimte om volwaardig uitdrukking te gee aan die feestelike karakter daarvan. Ons jongmense moes baie inboet rondom die kategese-samekomste, kampe en sosialisering. Kleingroepe moes hulle byeenkomste opskort. Pastorale besoeke moes virtueel ingerig word. Talle bedieninge moes eenvoudig terugstaan en wag. Kerk-wees soos ons dit geken het, het skielik tot 'n stilstand gekom... en 'n mens kan nie anders as om te wonder of dit ooit weer daarheen sal terugkeer nie. Het kerk-wees nie vir eens en altyd verander nie? Om die antwoord hierop te vind, het die kerkraad hulle tot 'n proses van geloofsonderskeiding verbind.

Ten spyte van soveel aspekte van ons gemeente se bediening wat moes verander en aanpas, was daar een eienskap van Sonstraal wat dieselfde gebly het, of eerder, gegroei en verdiep het, naamlik: Sonstraal se geloofsdissipline van vrygewigheid. Toe ons die nood in ons samelewing aan julle gekommunikeer het, het julle harte en hande sonder moeite oopgegaan. Projek Betesda is op die been gebring om die nood wat Covid-19 te weeg gebring het aan te spreek. Binne weke het ons bykans R100 000 ontvang wat ons oor die tydperk tot op hede kon spandeer om mense se nood te verlig. Kos, klere en ander lewensmiddele is in massas by die kerk afgelewer. Elke rand en elke kospakkie het iemand se lewe makliker gemaak. Kerk het sigbaar geword waar die nood die ergste was, want Sonstraal gee graag. Dankie hiervoor!

Met die wete dat ons vir die grootste deel van die grendeltyd nie fisiese eredienste sou hê nie, het die kerkraad gepleit vir verantwoordelike spandering van fondse en is die inkomstebegroting aangepas om met die realiteite rekening te hou. Met die maandelikse verslagdoening van die finanskommissie aan die kerkraad is ons telkens uit die veld geslaan oor die trou van die Here wat dit vir lidmate, ondanks baie uitdagende tye, moontlik maak om voort te gaan met die gee van dankoffers. Danksy elkeen se bydrae is ons inkomste tans slegs skraps onder begroting en vertrou ons die Here om te voorsien sodat die gemeente se bedieninge weer volstoom kan voortgaan.

By ons onlangse beplanningsnaweek, het die kerkraad 'n ankerteks van die Here ontvang. Ons glo die Here het hierdie teks vir ons gegee om ons vir die volgende tydperk te rig op 'n gesindheid en manier van kerk-wees wat Hy van ons vra. Die teks wat ons ontvang

het, is: Lukas 10: 25-37, die bekende gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. Julle sal ons oor hierdie gelykenis baie hoor praat en preek in die tyd wat voorlê. Lees dit gerus in julle huise ook weer en weer. Laat ons in hierdie gelykenis wandel en sien hoe die Here, deur sy Gees ons elkeen en ons as gemeente hierdeur vorm – om kerk te wees in 'n tyd soos hierdie.

Die kerkraad, kantoorpersoneel en leraarspan is opnuut verbind aan ons gemeente se leuse: Leef om te dien. Saam met u wil ons vashou aan ons roeping, naamlik: By Sonstraal is almal welkom – hier leer ons saam om soos Christus te leef. Saam met u wil ons hierdie roeping uitleef deur uit God se onverdiende genade en goedheid te leef, deur God se gasvryheid te bewys en deur fyn ingestel te wees op God se stem - om te hoor waarheen Hy ons in hierdie nuwe tyd stuur.

Vir die jaar wat voorlê wil ons graag 'n dominee beroep wat veral op jeug- en familiebediening sal fokus. Ons wil elke lidmaat uitnooi om jou plek te ontdek; om jou gawes en passie deel te maak van Sonstraal se bediening – hetsy dit is om koffie te skink, om 'n groepie jongmense te begelei, 'n geselligheid te reël, verantwoordelikheid te neem vir 'n stalletjie by die basaar, musiek te maak by eredienste, die rekenaar of klankbord se knoppies te druk, sop te kook of kospakkies af te lewer... Jou plek is leeg totdat jy aanmeld en opdaag! Ons wil ons erediensruimtes opknap en elke erediens 'n belewenis van God se genade en gasvryheid maak – waar ons ook sal hoor waarheen die Here ons elkeen stuur om sy goedheid sigbaar te maak. Ons wil kuier!... met goeie koffie en gesellige atmosfeer wil ons by eredienste kuier, ons wil in mekaar se huise kuier, ons wil geleenthede skep waar ons mekaar weer in die oë kan kyk en heerlik kan saam kuier. Dis ons tema vir 2022: Koffie en kuier. Ons dink almal het nodig om heerlik te kuier... Kom ons doen dit gereeld... rondom 'n heerlike koppie koffie!

Hierdie maand is ons jaarlikse groot dankofferfees. Aan die einde van 'n jaar waarop ons kan terugkyk en weet: te midde van enorme uitdagings het ons deur die Here se genade tot hier gekom, gee ons tydens hierdie dankofferfees uitdrukking aan ons dankbaarheid teenoor die Here se troue sorg – vir ons elkeen en ons gemeente. Ons reageer op die uitnodiging wat Paulus in 2 Korintiërs 9:7 aan die gemeente rig: "Laat elkeen gee soos hy/sy vooraf in sy/haar hart besluit het - nie met droefheid of onder dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief".

Ons dankofferfees vorm deel van ons jaarlikse begroting wat tot einde Februarie 2022 strek. Met ons inkomste en uitgawes soos dit tans (tot 30 September) daarna uitsien, en indien ons wel ons begrote teiken van R500 000 (soos in 2020) vir ons dankofferfees behaal, stuur ons af op 'n verlies van ongeveer R115 000. Ons laer as verwagte inkomste vir die jaar sover is veral te wyte aan die basaar wat nie plaasgevind het nie, asook bankkollektes wat nie tydens die grendelperiode opgeneem kon word nie. Die bedieninge se verdere besteding van hulle begrote fondse is, weens die impak van Covid-19, onseker. Die moontlikheid bestaan wel dat daar minder as begroot gespandeer kan word. Verder is ons dankbaar dat ons al ons verpligtinge teenoor die sinode en spesiale kollektes kon nakom – om sodoende by te dra tot die kerk se werk in die breër verband.

Met onuitspreeklike dank teenoor die Here se voorsiening, elkeen se vrygewigheid en veral die blymoedige gesindheid waarmee elkeen gee, vestig ons u aandag op ons dankofferfees in die vertroue dat die Here daarin sal voorsien. Die bedrag van R500 000 klink na 'n groot bedrag, en dit is inderdaad 'n groot som geld wat nodig is vir die bediening in en deur Sonstraal vir die res van die finansiële jaar.

'n Jaar gelede het ons versoek dat elke lidmaat sy/haar bydrae vir ons dankofferfees biddend sou oorweeg. Julle het oorweldigend reageer. Julle vrygewigheid het verseker dat ons die jaar nie met die reuseverlies afgesluit het waarop ons begroting afgestuur het nie. Ons kon die nuwe finansiële jaar met 'n skoon balans afskop. Hierdie jaar rig ons dieselfde versoek: te midde van moeilike tye, vertrou die Here vir dit wat jy vir die werk van die Here wil gee. Dankie dat ons weet dat jy hierdie versoek met verantwoordelikheid teenoor die gemeente as jou geloofstuiste ernstig en biddend in oënskou neem. Ons vertrou, bo alles, die Gees van God om mense aan te raak met sy liefde en trou sodat ons daardeur gelei sal word ten opsigte van ons bydraes – waarvan elke sent 'n verskil maak!

Ten slotte wil ons vir u dankie sê vir u getroue ondersteuning, deelname en betrokkenheid by Sonstraal-gemeente! Dit is vir ons 'n voorreg om die pad deur ongekende tye saam met jou te loop! Dankie vir elke bydrae wat hierdie gemeente laat leef – ter wille van God se Koninkryk. Neem asseblief vrymoedigheid om die kerkraad, kantoorpersoneel of leraars te kontak indien u enige behoefte het waarmee ons u kan help. Wees verseker daarvan dat ons as kerkraad daarop gerig is om die gemeente op so 'n wyse te dien en te lei dat ons al nader aan God se roeping vir Sonstraal sal beweeg. Ons bid vir jou en jou geliefdes. Moet asseblief ook nie ophou om vir ons as kerkraad, leraars en kantoorpersoneel te bid nie.

Groete en vrede!

**Die kerkraad**

## Tabel 1: 'n Breë oorsig oor die begroting vir 2021-2022

**BEGROOT VIR VOLLE JAAR:**

| | |
|---|---|
| **Inkomste:** | |
| **Bydraes en kollektes** | **5 378 425** |
| **Dankofferfees** | **500 000** |
| **TOTALE INKOMSTE** | **5 878 425** |

| | |
|---|---|
| **Uitgawes:** | |
| **Salariskoste** | **-4 720 398** |
| **Sinodale aandeel** | **-536 669** |
| **Bedieninge** | **-736 779** |
| **TOTALE UITGAWES** | **-5 993 846** |
| **Tekort** | **-115 421** |